



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/ motivering/aanhaling.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Die borge hou aan om hulle te ondersteun./ Daar het baie nuwe borge bygekom./ Borge staan bankvas agter Afrikaans as reklametaal. √√ <i>Kandidate kan enige TWEE antwoorde aanbied. Elke antwoord tel 'n punt.</i>	2
1.2	Die (15%) Afrikaanssprekendes is 'n geldmag waarmee rekening gehou moet word√ en bemarkers moet dit benut. √/ As Afrikaanssprekendes hul koopkrag onttrek √, sal bemarkers baie geld verloor. √ <i>Die kandidaat kan slegs een punt verdien indien slegs een deel van die antwoord aangebied word.</i>	2
1.3	Hulle het 'n monument vir hul taal opgerig./ Hulle ondersteun diegene wat Afrikaans goedgesind is./ Hulle duld nie swak taalgebruik en –foute in hul advertensies nie. √√ <i>Kandidate kan enige TWEE antwoorde aanbied. Elke antwoord tel 'n punt.</i>	2
1.4	Afrikaanssprekendes is ingestel om eerder Afrikaans in verskeie vorme (praat/lees/ luister/redeneer/vertel) te gebruik. √ Die taal gaan nie uitsterf nie./Taal gaan behou word. √ Dit maak ander mense bewus van Afrikaans. √ <i>Die kandidaat kan in sy/haar kommentaar op die voordele en/of nadele fokus.</i>	3

1.5	Swak taalgebruik in reklame ontstel Afrikaanssprekendes. √ Afrikaanssprekendes is lojaal/gee voorkeur aan Afrikaanse reklame.√ <i>Die fokus van die antwoord moet op reklame bly.</i>	2
1.6	Afrikaanse reklame verseker geld in die sak./ Afrikaanse reklame is die taal wat verstaan word./ Afrikaans is hul hartstaal./ 'n Afrikaanse advertensie het trefkrag. √√ <i>Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde aanbied. Elke antwoord tel 'n punt.</i>	2
1.7	Hulle wou hulle jong/nuwe handelsnaam vestig/handelsnaambewustheid uitbou. √	1
1.8	'n Mening. √ Dit is wat hy glo./ Dit is nie op feite/navorsing gebaseer nie./ Daar moet eers aan die voorwaarde om in Afrikaans te adverteer voldoen word./ Die hulpwoord <i>sal</i> bewys dat dit nog nie gebeur het nie/'n feit is nie. √	2
1.9	Hulle sal daarin belê as dit van goeie gehalte is./ Hulle sal daarin belê as hulle sien dat hulle produk inkomste/geldelike wins verseker./ Hulle sal daarin belê as dit met Engels kan kompeteer. √√ <i>Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde aanbied. Elke antwoord tel 'n punt.</i>	2
1.10	Wêreldwyd/globaal word Engels die meeste (in advertensies) gebruik.√	1
1.11	As my taal nie goed genoeg is nie, is my geld ook nie./ As handelsreus Afrikaans versak, sal die koper die handelsreus ook versak. √ <i>Die positiewe kan ook geïmpliseer/beantwoord word.</i>	1
1.12	By die ATKV kan jy enige vorm van Afrikaans praat./ Die ATKV aanvaar Afrikaans in sy wydste gebruiksvorme./ Die ATKV gee erkenning aan Afrikaanse streekstale./ Vir die ATKV is alle soorte Afrikaanssprekers van Afrikaans belangrik.√	1
1.13	Hulle ondersteun Afrikaanse reklame/Afrikaanse reklameskeppers./ Hulle moedig Afrikaanse reklameskeppers aan./ Hulle moedig reklameskeppers aan om in die reklamebedryf te bly./ Hulle moedig die Afrikaanse reklameskeppers aan om te groei/te ontwikkel. √	1
1.14	Ja, Dit herinner mense aan die waarde van inheemse tale soos Afrikaans./ Die taal word in stand gehou deur die gesonde reklamebedryf./ Reklame dra by tot die voortbestaan van Afrikaans./ Pendering-toekennings help dat adverteerders in Afrikaans wil adverteer. √√√ <i>Die kandidaat kan enige DRIE antwoorde aanbied vir DRIE punte.</i>	3
1.15	Jy is kunssinnig as jy aan toneel/dans/musiek/rolprente deelneem/geniet. √	1

1.16	Hulle ondersteun Pendoring as hoofborg./ Hulle bied vele kompetisies (Rieldans, Tienertoneel, Applous, Muziq)/kursusse (Filmfundi) in die gemeenskap aan. By die ATKV praat ons nie net Afrikaans nie, ons doen dit. ✓	1
1.17	<p>Taalfokus: Woordspeling – kuns-kenades Neologisme – kultuurvampiere/Fliekvlooi Idiome – David die wortels gegrawe het. Metafore – Jou passie 'n tuiste vind. Ons praat dat die spoeg spat. Prentjie van film/sanger/tjellis/musikus</p> <p>Kunstefokus: Musiek – klassiek/populêr/Applous/Muziq/Rieldans Toneel – Tienertoneel Visuele kuns – skilder/penseel en palet Kompetisies om kunste te bevorder</p> <p>Gemeenskapfokus: Rieldans/fliekkursusse</p> <p>Onderwysfokus: Tienertoneel Prentjie van film Kursusse ✓✓✓.</p> <p><i>Die kandidaat kan enige DRIE antwoorde aanbied vir DRIE punte.</i></p>	3

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in **vol sinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
 - 7 punte vir 7 feite
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal:
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
 - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming geïgnoreer.
 - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

JY IS NIE DOM OF LUI NIE

Die kandidaat kan enige sewe van die agt moontlikhede in sy opsomming aanbied.

AANHALING UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING	
1	<i>... is om vroeg reeds met spraakterapie te begin.</i>	A	Begin vroeg met spraakterapie.
2	<i>Besoek leesklinieke om suksesvol te wees.</i>	B	Besoek leesklinieke om sukses te bereik.
3	<i>Gebruik 'n bandopnemer sodat jy tuis weer na die feite wat in die klas bespreek is, kan luister.</i>	C	Gebruik daaglik 'n bandopnemer om klaswerk tuis te hersien.
4	<i>Dis ook nuttig om met behulp van prentjies te leer.</i>	D	Leer met behulp van prentjies/visualiseer die werk wat geleer moet word.
5	<i>Dis eweneens belangrik om nie op die nippertjie te begin leer nie./voorbereiding moet op 'n daaglikse basis geskied.</i>	E	Begin betyds met voorbereiding vir toetse en eksamens./Berei elke dag, dwarsdeur die jaar, vir toetse en eksamens voor.
6	<i>'n Neiging wat deesdae baie veld wen, is om eksamens verbaal af te lê.</i>	F	Lê eksamens en toetse verbaal af.
7	<i>Emosionele ondersteuning deur familie-lede is baie belangrik.</i>	G	Vra emosionele ondersteuning van jou familie.
8	<i>Jy moet net 'n ander roete kies om by jou bestemming uit te kom.</i>	H	Kies 'n ander roete om by jou bestemming uit te kom.
Getal woorde: 58			

OF

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Van vroeg af behoort daar met spraakterapie begin te word. Besoek 'n leeskliniek wat op lees-én skryfoefeninge fokus. Jy kan self iets aan die probleem doen deur daaglik 'n bandopnemer te gebruik om klaswerk tuis te hersien. Dit is selfs goed om met behulp van prentjies die werk wat geleer moet word, vas te lê. Begin betyds met voorbereiding vir toetse en eksamens. Die eksamen en toetse kan ook verbaal afgelê word. Groot sukses kan behaal word indien disleksielyers die emosionele ondersteuning van hul familie het. Jy kan 'n ander roete kies om by jou bestemming uit te kom.

Getal woorde: 80

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

VRAAG 3: ADVERTENSIE		
Vraag	Antwoord	Punt
3.1	<p>Moenie jou winterlamheid fnuik nie! ✓</p> <p><i>Die uitroepteken moet in die antwoord voorkom.</i> <i>Die sin Moet nie jou winterlamheid fnuik nie! is nie aanvaarbaar nie.</i></p> <p><i>“Die WAT sê spesifiek by “moenie” dat dit “veral t.o.v. ’n bevel, dreigement, vermaning, versoek of aanbeveling” gebruik word.”</i></p>	1
3.2	D/wiele. ✓	1
3.3	ly ✓	1
3.4	Tensy/totdat ✓	1
3.5	<p>Die asterisk verwys na ekstra inligting aangaande die produk in die teks./ Dit skakel misverstand uit, want nou weet alle lesers dat die Gingko net in sekere van <i>turbovite</i> se produkte/<i>turbovite Whiz-Fizz</i> voorkom./ Dit dui op die integriteit van die produk. ✓</p>	1
3.6	<p>Bevat <i>turbovite</i> Gingko en Ginseng om jou brein in snelrat te sit en vitamine en minerale om energie behoorlik deur jou lyf te laat vloei? ✓</p> <p><i>’n Ander vraagsin kan as antwoord aangebied word solank dit ’n vraagteken bevat en die antwoord van die sin Ja/Nee is.</i></p>	1
3.7	<p>hemelsbreed/ hemelbreed ✓</p> <p><i>Die intensiewe vorm moet as een woord aangebied word.</i></p>	1
3.8	<p>Die woord suggereer dat, as jy <i>turbovite</i> gebruik, kan jy ook briljant word./ Dit manipuleer die leser om die produk aan te koop om briljant te word./ Om <i>turbovite</i> te koop, is ’n briljante keuse. Voorplasing. ✓</p>	1
3.9	<p>Hy antwoord briljant./Sy vorder briljant op skool. ✓</p> <p><i>Die kandidaat bied ’n eie sin aan waarin “briljant” as ’n bywoord aangebied word.</i> <i>Die woord (briljant) moet saam met ’n hoofwerkwoord optree en nie saam met ’n koppelwerkwoord nie.</i> <i>LW: In ’n sin soos “Hy is briljant” is briljant ’n byvoeglike naamwoord/adjektief.</i></p>	1
3.10	<p>Ja, die pakkie <i>turbovite</i> se energie vloei tot binne-in die mens en suggereer dus die uitwerking van die produk/bewys dat die produk werk/die elektriese lading suggereer baie energie/die hare is geëlektrifiseer/selfs die hare staan regop as gevolg van die energie/hy is tot op die been toe energiek. ✓</p> <p><i>Die kandidaat kan die antwoord ook as NEE aanbied met ’n gepaste motivering, bv. Dit lyk gevaarlik om die produk te gebruik./Die persoon beweeg steeds nie van die bank nie.</i></p>	1
		[10]

VRAAG 4: STROKIE		
Vraag	Antwoord	Punt
4.1	nasionaliteit ✓	1
4.2	Hy speel in 'n orkes./is 'n tromspeler/dromspeler/instrumentalis/trommelaar/musikant/ instrumentis ✓ <i>Indien die kandidaat die antwoord as een woord aanbied en die antwoord is verkeerd gespel, is sy antwoord verkeerd.</i>	1
4.3	<i>dom blondine</i> ✓ Sy word nie dom omdat sy haar hare gekleur het nie./ Sy lees poësie. ✓	1 1
4.4	Dit impliseer dat die pa nie van hom hou nie/dink hy is goed genoeg nie./ Hy is 'n stoute knaap/vabond/niksnuts/kwaaddoener/deugniet/rokjagter. ✓	1
4.5	'n haarkapster ✓	1
4.6	Ek was my hare met sjampoe. ✓ <i>Die kandidaat bied sy eie sin met "was" as 'n selfstandige werkwoord aan, die sin kan ook in die verlede tyd of toekomstige tyd aangebied word.</i>	1
4.7	Luané, <u>wat haar hare swart kleur/wie se hare swart is</u> , se gunstelingvak is kuns, want daarin kan sy net haarself wees. ✓ <i>Die kandidaat bied sy eie sin aan waar Luané met 'n (byvoeglike) bysin uitgebrei word.</i>	1
4.8	Hy sê/dink dat sy raar (is) en (dat sy) seker aangeneem is./Hy sê sy is raar en (is) seker aangeneem. Hy het gesê/gedink dat sy raar (was) en (dat sy) seker aangeneem is./Hy het gesê/gedink sy was raar en (is) seker aangeneem. ✓	1
4.9	Dit is noodsaaklik, want dit druk die seun se sekerheid oor sy suster se andersheid uit./haar andersheid is volgens hom 'n voldonge feit./ Dit beklemtoon./ Daar is nie 'n aksentteken nie. ✓	1
		[10]

VRAAG 5: RUBRIEK		
Vraag	Antwoord	Punt
5.1	-satz ersatz ✓ <i>Nota: die kandidate behoort in die gebruik van alle soorte woordeboeke onderrig te word.</i>	1
5.2	vervangmiddel/surrogaat/plaasvervanger/vervanging ✓	1

5.3	samestelling/ samestellings ✓	1
5.4	Vroeë Afrikaanse skrywers (Jan Rabie, Breyten Breytenbach, Ingrid Jonker, noem maar op) wat met die boheemse wou flankeer, het Parys toe gegaan./ Vroeë Afrikaanse skrywers – Jan Rabie, Breyten Breytenbach, Ingrid Jonker, noem maar op – wat met die boheemse wou flankeer, het Parys toe gegaan./ Vroeë Afrikaanse skrywers, Jan Rabie, Breyten Breytenbach, Ingrid Jonker, noem maar op, wat met die boheemse wou flankeer, het Parys toe gegaan. ✓ <i>Die parentese kan ook na die flankeer ingevoeg word.</i>	1
5.5	sorgelose sorglose ✓	1
5.6	aangetrokke ✓	1
5.7	nouveau ✓	1
5.8	Hulle reël tintelende sangaande tydens teatrale kaggelaande vir uitverkore toer- groepies. ✓	1
5.9	<i>sic</i> dui spelfout aan./ <i>sic</i> /Die skryfwyse van <i>sic</i> tussen hakies/ Die korrekte vorm word as 'n voetnota/onder die teks aangedui. ✓	1
5.10	Ja. Die baba praat sy ouers na wat nie die korrekte Franse woorde gebruik nie. Die baba het die woord gehoor, maar hy weet nie wat die korrekte betekenis is nie. ✓ <i>Nee kan nie as korrek aanvaar word nie.</i>	1
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70